

15 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 17:1-10

Fokusgedeelte: NGB, Art 24

Geloof gaan oor tot goeie dade

Wanneer Jesus die eise van dissipelskap aan sy volgelinge voorhou word hulle skoon moedeloos. Hoe op aarde kan jy so lewe dat jy nooit iemand laat struikel nie (vers 1)? Party mense val mos so amper vanself om, of struikel sommer oor hulle eie skaduwee. Wie kan sewe keer op een dag (sonder om dunlippie-sindroom te kry) dieselfde persoon vergewe (vers 2)? Selfs in die beste huwelik is dit mos nie heeltemal moontlik nie.

In reaksie op hierdie eise vra die dissipels (vers 5): “Gee ons meer geloof.” Hulle soek die regte saak by die regte adres. Net geloofskrag, vertrouwe op Christus en sy verdienste, kan hulle aan die eise van dissipelskap laat voldoen. Tog maak die dissipels ook ’n fout. Hulle dink geloof neem toe as jy nog meer geloof daar byvoeg. Dit is wat hulle van Jesus vra.

Jesus help hulle reg met die voorbeeld van die mosterdsaad. ’n Mosterdsaad wys mos nie sy krag wanneer daar nog meer mosterdsade bykom nie. ’n Mosterdsaad wys sy krag wanneer dit begin groei. So is geloof ook: ’n gawe wat meer word deur te GROEI!

Hoe groei geloof? Geloof groei wanneer jy dit begin gebruik. Geloof groei deur ’n lojale gehoorsaamheid aan Christus, soos ’n slaaf wat niks verwag nie (vers 10). Moet dus nie wag tot al jou vrae beantwoord is of al jou twyfel uit die weg geruim is nie. Jou lewe ÍS Christus! Gebruik die bietjie geloof wat jy het. Laat dit dade word.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)